**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 17 -31
Teks: **Mattheus 5:27 – 28**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 89:1,3**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 146:1,4; Ps. 89:13; Ps. 128:1,2; Sb 8-1 (14):1,2**
**<u>Mattheus 5: 17 -31</u>**
Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.
Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.
Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.
Mat 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.
Mat 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.
Mat 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.
Mat 5:23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het,
Mat 5:24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.
Mat 5:25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie.
Mat 5:26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie.
Mat 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.
Mat 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.
Mat 5:29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.
Mat 5:30 En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.
Mat 5:31 Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee.
Mat 5:32 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.
**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 17 -31
Teks: **Mattheus 5:27 – 28**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 89:1,3**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 146:1,4; Ps. 89:13; Ps. 128:1,2; Sb 8-1 (14):1,2**
Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede keer was Jesus met die sesde gebod besig. Hoe ek met my hart en my mond en my woorde, heimlike moord kan pleeg. Vandag bring Jesus ons by die sewende gebod. Ook hoe ons met ons gedagtes, ons oë, ons hande die sewende gebod kan oortree. Juis ook in die volgorde. Die oë wat uitgeruk moet word voordat die hande dan afgekap moet word, staan nie verniet in hierdie volgorde nie. Ons kan nie anders as om Jesus weer vanuit sy eerste preek op aarde ook by ons belydenis in die Kategismus uit te bring. Sondag 41 V/A 108 vra die vraag ook duidelik, op die man af- **Wat leer die sewende gebod ons?** Die antwoord is ten nouste verbind ook met Jesus se woorde daar van die berg af - ***Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe sowel binne as buite die huwelik.*** Die

volgende vraag dring nog dieper die hart en gedagtes binne as daar gevra word - **Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?** Ons antwoord- ***Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde , gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei .***

***

Broeder en suster, die mees intieme band wat daar tussen twee mense kan wees, is die band tussen ’n man en sy vrou, tussen ’n vrou en haar man. Daar is in jou liggaam ook twee dinge, siel en liggaam wat ook so naby mekaar is dat geen mens dit kan skei nie. Die oomblik as siel en liggaam geskeie raak dan is die liggaam dood. Dan is die mens wat daardie liggaam gehad het nie meer daar nie. Sy/haar siel, ja die gelowige siel is onmiddellik by God die oomblik as die aardse dood ’n werklikheid geword het (vgl. Sondag 22 Kategismus). Siel en liggaam is in hierdie lewe wel onderskeie van mekaar, maar ons kan dit nie skei nie. Geen mens kan dit skei nie, behalwe as God die skeiding bring. Siel en liggaam vorm so ’n unieke eenheid dat ons eintlik nie anders kan as om voor God één in siel en liggaam, kind van Hom, Hy die lewende God te wees nie.

In 1 Kor. 6 vers 18 laat die Here ons in ons verstaan van die sewende gebod en wat die sewende gebod vir ons werd is ook duidelik hoor- *18 Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat ’n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam.* Verlede Sondag het prof. Naas Ferreira dit ook in alle opsigte beklemtoon ek moet nie met sonde paadjies wil loop en mooipraatjies wil maak nie. God is hieroor baie ernstig. Dawid se sonde wat hy in Psalm 51 besef en bely, het ook by die sewende gebod begin. Ons kan nog mense ’n rat voor die oë wil draai maar moet dit nie met God probeer doen nie.

Daar waar Batseba gebad het en hy haar syne wou maak en haar ook toe syne gemaak het. Uit daardie oënskynlik gewone oortreding van die sewende gebod het moord plaasgevind. Batseba se man Uria is met voorbedagte rade vermoor. Dawid die koning stuur hom met valse bedoelings slagveld toe, met die hoop hy kom nie lewendig terug as hulle hom in die voorste linies plaas nie. Dawid oortree die sewende gebod, maar dadelik het hy ook die vyfde gebod oortree – magsmisbruik – misbruik van gesag, wat weer uitgeloop het op die sesde gebod waarby ons verlede keer was, nie alleen heimlike moord nie, maar werklik was Uria se bloed aan Dawid se hande. Dawid was die moordenaar, toe dit eintlik maar net die oog was wat gesien het wat die hand nie kon uitlos nie. Die sonde buite die liggaam word ’n

sonde teen die liggaam, ja werklik binne die liggaam, want die oomblik as dit gebeur is daar nie nog praatjies is die sewende gebod nou oortree of nie. God noem dit duidelik en reguit, dit is egbreuk, dit het alreeds jou en my ’n hoereerder gemaak al sal ek nie daarvan hou as ander my dit noem nie, maar as God jou dit noem, moes jy al vroeër geluister het, as dieselfde God vir ons sê - *Vlug vir die hoerery...*

***

Dieselfde God wat op baie maniere die hoerery van die verskillende geslagte afteken teen hoe mooi God eintlik die huwelik gemaak het. Hoe mooi is die huwelik nie deur God ingestel nie. Twee wat een kan word, dieselfde tipe eenheid wat daar tussen siel en liggaam moet kan wees. Luister na die pragtige oproep in Spreuke 5: 15 – 17 *15 Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put.16 Sal jou fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine?17 Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir ander saam met jou nie.18 Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug —19 die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees.* Luister ook na Hebreërs 13 vers 4- *4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.*

As ons dit hoor, dan hoor ons ook die Spreuke digter ons waarsku - Spreuke 23 vers 27 - *’n ander man se vrou is soos ’n put waaruit jy nie kan kom nie...* Die 2020 Vertaling praat van so ’n verhouding as ’n diep vangkuil, jy is besig met ’n vreemde vrou in ’n nou put. Terwyl God reeds vir my water uit my eie reënbak, strome uit my eie put wou gee toe man en vrou vir mekaar in die huwelik gegee was. Ons hoor weer mooi moet nie die water uit die walle laat breek nie ... *16 Sal jou fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine?17 Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir ander saam met jou nie.18 Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug ...*

Ons vergeet nie vir ’n oomblik nie, dit waarmee Jesus sy eerste preek op aarde begin het, werklike gelukkige mense, salig, salig... is mos hoe die preek begin. Jesus wil dat die werklik mees intieme verhouding tussen mense, tussen een man en een vrou, nie ’n oomblik hierdie besondere geluk ook as iets van die hoogste geluk in hulle saamwees en in hulle huwelik mag mis nie. Ook as die Kategismus ons waarsku dan doen ons belydenis dit uit die oogpunt van hoe mooi het God die huwelik gemaak. As ons bely God verbied ... *alle onkuise dade, gebare, woorde , gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei,* dan kan ons as mense dalk daaroor grappies wil maak en allerhande praatjies voorhou. Hoe dikwels hoor

ons dit dat daardie is mos darem 'n kunsfilm, sulke naaktheid so blatant uitgebeeld is mos darem kuns, dis heel onskuldig. Of ek gaan na daardie dansbaan, ja ek sien werklik niks daarmee verkeerd as 'n man met 'n ander man se vrou wil dans nie, op sigself is daar seker niks daarmee verkeerd nie, maar hoe oortuig is ek in my optrede teenoor die Here dat ek werklik deur die dans geen verkeerde gedagte, lus of wat ook al laat gebeur ... die Kategismus praat van dit wat *jou daartoe kan verlei ...* juis met die dans wat ek nou wil dans nie. Hoe maklik oorstroom die fontein, kom daar vuil waterstrome op jou lewenspleine as ek gebeure in my eie lewe en huwelik toelaat wat die begrensing van die huwelik uitdaag.

Die huwelik moet tog iets wees van jou eie reënbak, water in jou eie put, dit wat huweliksmaats vir mekaar moet wees, soos ons dit dan ook lees – *laat dit vir jou alleen wees en nie vir ander saam met jou nie.* Hoe maklik gebeur dit dat die andermansvrou soos 'n diep put is en dat wie daarin val, nie weer daarúít kom nie (Spr. 23:27). Val ek daarin dan bring dit eintlik soveel ongelukkigheid nie net in jou eie lewe nie, maar hoeveel word net nie geraak nie?!

***

Die ander pragtige uitbeelding wat God ons ook vir die huwelik gee is die van die ommuurde stad. Daarom waar mense, al is hulle hoe lief vir mekaar en al glo hulle werklik, ja hulle is heilig oortuig van hoe hulle vir mekaar bedoel is, God het hulle na mekaar gelei, dan moet hulle nie wil besluit ons gaan hierdie stad van die huwelik binne, maar ons gaan nie werklik trou aan mekaar belowe nie. Ons gaan maar sommer saambly en doen wat getroudes mag doen, want ons het nie die mure van God nodig om binne die grense van trou en liefde en beloftes aan mekaar ons huwelik te heilig nie.

As ons dit altyd voor oë hou, hoe heilig die huwelik is, dan is daar aan die huwelik die mooiste van beloftes gebind. Die mooiste van beloftes wat baie nou met ons huwelike saamgaan is dat die huwelik gee ons ook hoop. Hoop vir die toekoms, hoop om saam dinge te mag doen, ja dit is seker die grootste verlange van ons tyd dat ons tog weer hoopvol mag raak. Besef u die huwelik maak God 'n middel tot hoop. As geseënde burgers in God se koninkryk, dit waarmee die saligsprekinge begin, as man en vrou gelyktydig en gesamentlik die saligsprekinge hulle eie maak dan ontvang hulle as't ware ook 'n dubbele hoop. En hierdie hoop wat dan in man en vrou lewe, dit gee nie net hoop aan hulle twee nie, maar hierdie hoop werk ook deur na ander. En dit skitter op die einde in 'n lewe van kuisheid. Dit wat die Kategismus ons by die sewende gebod mee voorgaan dat o**ns kuis en ingetoë moet**

**lewe.** Wie kon dink dat ware hoop en kuisheid met mekaar verband kan hou, maar God plaas 'n duidelike verband daartussen. God bind hulle aan mekaar en hier geld dit alreeds dat ons mag nie die ware hoop en kuisheid van mekaar wil skei nie. Geen mens mag wil skei dit wat God saamgevoeg het nie.

***

Daarom besef ons as koninkryksburgers dat ons nie alleen hoopvol kan lewe nie, maar as getroudes sal ons ook hoopvol kan bly lewe in ons gehoorsaamheid aan God se Wet. Daarom sal ons ook hoopvol kuis wil lewe. Dan gaan dit nie net oor die uiterlike van die Wet nie, maar juis skuif dit oor na die innerlike. Die uiterlike wat sê *jy mag nie egbreuk pleeg nie ...* maar Jesus skuif na moet nie kyk en begeer nie ... dit geld vir al die gebooie, soveel te meer vir die sewende gebod. Dit is in die sin wat Jesus oor radikale amputasie handel - *29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.*
*30 En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.*

As Jesus hierdie radikale uitsprake maak dan onderstreep dit die hoë standaard, die hoë peil van kuisheid wat nagestreef moet word. As ons dit nie doen nie, dan kom daar dinge wat dalk nog seerder, nog swaarder is as dit wat die amputasie in die geestelike sin sou wees. Dawid het na sy sonde met Batseba net nie weer sy gesin gesond gekry nie. Dawid se seun Amnon wat met sy halfsuster Tamar die skandes net nog verder gevoer het. Dawid, Amnon het beide tragiese dinge beleef ... dink aan Simson toe hy uiteindelik ook met die sewende gebod rondgespeel het, is letterlik sy oë uitgesteek voordat hy tot nugtere selfbesinning kon kom. Die kyk om te begeer en dan die kyk wat wil vat, dit laat Jesus die oog eerste noem en daarna praat Hy van die hande.

***

Hierdie drastiese voorbeelde van 'n oog uitruk en 'n hand afkap, spreek eintlik die hart van die saak aan. Daar moet getrouheid aan mekaar wees, ja liefde vereis trou en uit daardie getrouheid aan mekaar kan ons hoopvol kuis lewe. Die kuisheid laat ons die skoonheid van die huwelik en die skoonheid van die liefde na mekaar bring. Die geslagte word dan duidelik onderskei soos God ons gemaak het. Die huwelik gee dan 'n hoop en warmte wat met niks anders vervang kan word nie. Hierin ondersteun man en vrou dan ook mekaar in 'n baie stukkende en gebroke wêreld. Man en vrou werk dan na mekaar toe om uit hierdie gebroke lewens van ons vir mekaar daar te wees wat vir die liggaam en siel tot voordeel strek.

En as ons struikel, ja die oog en die hand het mekaar verbygegaan en ek het nie my oog kon uitruk, ek het nie my hand kon afkap, by wyse van spreuke nie, dan steeds kan daar nog weer herstel kom, genesing, versoening.  Dit moet ook in die hart wees, voordat dit aan die buitekant reg sal kom.  Wie waarlik berou het oor hulle sondes, ook wat die sewende gebod betref, kan weer na God terugkeer. Ons het Jesus aan die begin van sy preek hoor sê - *Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.*  Wie werklik weer wil doen wat reg is, kan hoopvol opstaan en verder gaan.  Vergewing, vertroosting is altyd by God moontlik, maar dan moet ek dit werklik by God soek en by Hom dit wil ontvang.

Lewe dan 'n lewe, in wat die Bybel en ons belydenis noem dit ook, 'n kuise lewe.  Die wêreld hou ons as burgers van God se koninkryk baie fyn dop.  Daarom laat die wêreld ook sien wat is die hoop wat in ons lewe, ook as die wêreld na ons as gelowiges se huwelike mag opkyk.  Hulle moet kan opkyk na die hoë peil, die hoë graad van reinheid en egtheid en kuisheid in wat in ons huwelike uitgestraal word.  Hoe wonderlik as dit so mag wees!

AMEN